Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek
Borgward Club of South Africa, Southern Region

Augustus/August 2025

# Borgward Nuus / News

## Voorwoord

Welkom by die eerste nuusbrief uitgawe van ons 65ste bestaansjaar. Hierin doen ons volledig verslag oor ons 64ste verjaardag wat tydens ons gebruiklike sopaand luisterryk gevier is. Sederdien het ons ook die 64ste Algemene jaarvergadering van ons klub gehou, waartydens die huidige bestuurslede eenparig herkies is. 'n Volledige lys van die bestuurslede verskyn aan die einde van die uitgawe. Ons sluit ook die jaar af met 'n 15% groei in ons aantal ingeskrewe lede van 34 tot 39, terwyl ons finansiële posisie ook versterk het. Voorwaar 'n baie goeie jaar vir ons klub.

Elders in hierdie uitgawe publiseer ons die notule van 'n onlangse bestuursvergadering waartydens ons besluit het om, vir verskeie redes, nie vanjaar deel te neem aan die jaarlikse Multiklub uitstalling by Killarney nie. Die besluit was om in die plek daarvan die "Toy Drive" in November te ondersteun. Hierdie is 'n liefdadigheidsrit na Franschoek en Wellington waartydens speelgoed en persoonlike benodigdhede versprei word aan minderbevoorregtes. Intussen het ons die Killarney besluit heroorweeg aangesien ons ons deel van die hekgelde sal verloor indien ons nie teenwoordig is nie. Dit word afgespeel teen ons jaarlikse rekening vir die instandhouding van die klubhuis en dit maak nogal 'n groot verskil. Ons gaan dus wel as 'n klub Killarney toe terwyl individuele lede vrywillig die "Toy Drive" kan ondersteun. Ons uitstappie na Buffelsfontein is ook gekansselleer en in die plek daarvan gaan ons die Hopefield fynbos skou saam met die Mercedes Benz klub bywoon op Saterdag 30 Augustus.

Lees ook oor die Borgward klub in New Zealand en hoe hulle as klub funksioneer. Dankie John vir die navorsing wat jy gedoen het tydens julle besoek daar en vir die breedvoerige terugvoering.

***INDEKS/INDEX:***

| | |
|---|---|
| *Voorwoord* | *1* |
| *Uitstappie van motorfietse en pompe & Nuwe lede* | *2 & 3* |
| *Notule Kommitteevergadering* | *4* |
| *Welcome to Borgward Enthusiasts New Zealand* | *5* |
| *Wat sou ek tog doen? & Meelewing* | *6* |
| *Sopaand* | *7 – 10* |
| *Wit Coupe – Orania* | *11 – 16* |
| *Met 'n Borgward altyd 'n storie* | *17* |
| *Borgward Combi as 'n maatskappy voertuig & Om oor na te dink* | *18* |
| *Bestuurspan* | *19* |

Mans en dames maak solank die speelgoedjies uit jou kinderdae bymekaar vir ons byeenkoms in Oktober by die klubhuis. Meer inligting volg nader aan die tyd.

Volgende jaar se Nasionale saamtrek word gereël deur ons Noordelike streek en dit gaan gehou word by Orania teen die einde van Mei 2026. Die afstand vanaf die Kaap daarheen is omtrent dieselfde as na Gariepdam. Meer inligting sal mettertyd deurgegee word.

Groete.

Louis

**Uitstappie van pompe en motorfietse**

Toe ons op 18 Mei om 9 h 00 by die Wynland 1 Stop op die N1 bymekaarkom vir ons uitstappie na Somerset-Wes, was dit motorfietse net waar jy kyk – hulle het 300 motorfietse verwag vir 'n "Toy run" na Franschoek. As hulle gelyktydig sou wegtrek, sou die woorde van die volksliedjie "Die Lied van Jong Suid-Afrika" baie toepaslik gewees het:" En hoor jy die magtige dreuning, oor die veld kom dit wyd gesweef." Voor ons na Somerset-Wes vertrek het, het ons eers koffie en tee gedrink. Rondom half 10 vertrek ons toe met 5 Borgwards via Stellenbosch na bestemming onbekend – 'n dubbelverdiepinghuis naby die Lord Charles in Somerset-Wes. Almal was nuuskierig hoekom ons na diè huis gaan. Dit is 'n gewone huis, maar die man "des huises", en dìt wat hy doen, is nie gewoon nie.



Net na ons gearriveer het, is ons baie vriendelik deur Albert verwelkom in die tuin voor die motorhuis. Daar het ons al 'n voorsmakie gekry van die doel van ons besoek – die motorhuis is sy werkswinkel waar hy in sy spaartyd ou petrolpompe en ander ou garage toebehore, asook advertensieborde restoureer. Nadat hy ons baie interessante dinge vertel het oor sy projekte, het hy ons in die huis ingenooi en na die sitkamer geneem. Toe kom ons agter dat ons nog niks gesien het nie!! Die hele sitkamer, wat nie klein is nie, is vol met pragtig gerestoureerde antieke petrolpompe en apparate om bande te pomp, asook advertensieborde van bande, petrol en olie teen die mure. Rakke teen die mure staan vol ou petrol en olieblikke van alle groottes. Op die vloer staan ook "stands" van Mobiloil, vol botteltjies van verskillende fabrikate soos Castrol, Shell en Texaco. Albert het land en sand gepraat oor al die items in sy sitkamer, en ons het aan sy lippe gehang en baie vrae gevra. In sy agterplaas het hy 'n skuur met genoeg voorraad om nog baie sitkamers vol te maak – maar eers moet dit gerestoureer word. Net soos Albert, het ons die besoek baie geniet, maar dit was toe al amper etenstyd, en ons het nog 'n afspraak.






Die volgende afspraak is net 20 minute se ry vanaf die "pomphuis". Dit was asof die klomp motorfietse wat ons vroeg die oggend gesien het, 'n voorsmakie was vir ons besoek aan die motorfietsmuseum van Helderberg. Daar het Martin en Salome met hulle Borgward by ons aangesluit. Omdat dit toe al etenstyd was, het ons besluit om eers gou op die stoep van die restaurant te






eet. Dit was toe nie so gou nie, en ons geduld is behoorlik beproef. Na ons lekker geëet het, is ons toe in die museum, waar ons vriendelik begroet is, en ons toe 'n begeleide toer deur die museum met sy ongeveer 180 gerestoureerde motorfietse en bromponies gedoen het. Die museum is ongeveer 2 jaar oud, en al die restourasiewerk is deur die eienaar self gedoen. Ek kon nog altyd 'n mooi, skoon motorfiets waardeer, maar sommige van ons lede was ou "bikers" en het nostalgies geraak en die verlede weer herleef – hulle sou wàt wou gee om op 2 wiele huistoe te ry! Na ons nog 'n rukkie tussen die ysterperde vertoef het, is ons met die 6 Borgwards en 2 plastiekkarre terug na ons "komvandaan".



Kees Beekman

**Nuwe Lede**

Op ons vergadering van 9 Junie het daar iets gebeur wat baie jare laas gebeur het. Ons was bevoorreg om 3 nuwe lede by die klub te verwelkom – wat 'n heuglike gebeurtenis! Die nuwe lede is Eddie Cornelissen, Kobus van der Westhuizen en Herbie Marais. Daarna het nog 2 lede by die klub aangesluit, nl. Marcus Hugo en Ronnie Stain. Ons wil al die nuwe lede van harte verwelkom, en ons hoop dat dit die begin is van 'n lang en 'n gelukkige verbintenis met die klub. Mag die lidmaatskap ook help dat julle julle Borgwards tot die maksimum gaan geniet.

Kees Beekman

**<u>Notule van Kommitteevergadering</u>**

Op die ledevergadering van Maandag 9 Junie is almal ingelig van al die besluite wat op die kommitteevergadering van 5 Junie geneem is.  Ons plaas die notule vir kennisname,  en wil veral die belangrikheid beklemtoon van ons program vir die res van die jaar, sodat lede al hul ander aktiwiteite rondom daardie datums kan beplan.

**Minutes of Committee Meeting (Borgward Club Southern Region) Held 5 June 2025**

Present: Louis van Jaarsveld, Danie Tredoux, Kees Beekman, Pierre de Jongh, John McEwan

1. It was agreed to hold the Year end Function in Swellendam as it is roughly the same distance from George and Cape Town
    a. To be held 23 November 2025
    b. Club contribution: see item 7 below
    c. Southern Cape region to be requested to organise
2. Programme for remainder of 2025
    a. 9 June Meeting at Clubhouse
    b. 12 July Soup Evening at Louis and Rina (also celebration of Club birthday)
    c. 11 August AGM at Clubhouse
    d. 14 September outing to Buffelsfontein and viewing of flowers
    e. 5 October Bring and braai at Clubhouse with the theme of “toys from your childhood”
    f. 16 November to join the toy run organised by the Multi Club
    g. 23 November Year end Funtion  (see item 1 above)
    h. Notes: 1. The Organiser has overall responsibility for the events but the responsibility for each event to be assigned as required 2. The Club will not officially participate in the annual Killarney Motor Show this year
3. Newsletter
    a. Next Newsletter due to be distributed before end August
    b. Following Newsletter at end November
4. Spares
    a. It was agreed that any used spares required by a member to be donated to the member at no cost
    b. Any spares which are manufactured are to be sold to the members at the cost to the club
5. Handleiding
    a. Herman Engelbrecht has completed the Handleiding and it is distributed to each member at no cost to the member
    b. It was agreed that the Handleiding  be given to each new member in exchange for the R100 joining fee
6. Future of the Club/Vision
    a. List the advantages of belonging to the Club and show on the Website. Louis to draw up a draft for discussion
    b. Louis has discussed how to attract younger members with Osmond who will assist
    c. Add a “Country Membership” category
    d. List of potential new members and e-mail addresses to be given to Kees
7. General
    a. It was agreed that the annual membership fee to remain R330
    b. It was agreed that the Club to sponsor the end of the year function for the member and partner to an amount depending on the cost of the function and ensuring that the amount is covered by the membership fees.

Voor jy die volgende berig lees, net iets oor die berig.  John en Liz Mc Ewan het vroëer vanjaar vir ‘n paar maande by hul kinders in New Zeeland gekuier.  Daar het hulle via die internet uitgevind wat die aktiwiteite van Borgward in New Zeeland behels.  John het toe vir my ‘n dik pak gestuur met w/app wat ek uitgedruk het.  Hier is ‘n eerste kort weergawe daarvan, met nog weergawes wat in volgende nuusbriewe sal verskyn.

## Welcome to Borgward Enthusiasts New Zealand

We are a group of dedicated New Zealand vehicle enthusiasts, passionate about the preservation, restoration, enjoyment and publicity of vehicles from the Borgward Group.

In New Zealand, we have thirty collectors owning between them around fifty-seven vehicles, covering the following models from the range:

| MODEL | VEHICLE NOS. | MODEL | VEHICLE NOS. |
|---|---|---|---|
| Borgward P100 | 1 | Isabella Combi | 3 |
| Goliath 1100 Express Van | 1 | Isabella Coupé | 10 |
| Goliath 1100 Saloon | 2 | Isabella Saloon Std | 9 |
| Goliath 1100 Combi | 2 | Isabella Saloon TS | 5 |
| Hansa 1100 Coupe | 1 | Isabella Sedan de Luxe | 1 |
| Hansa 1100 Sedan | 2 | Borgward Arabella | 5 |
| Hansa 1500 1949 | 1 | Lloyd LS600 Combi | 2 |
| Hansa 2400 Pullman | 2 | Lloyd LP600 Sedan | 10 |
| | | Lloyd LT600 Van | 2 |

As we are a geographically dispersed group spread from the Far North to the Bluff, meetings and events are occasional.  However, as time progresses, we plan to have more frequent gatherings.

To our overseas Borgward friends.  If you are holidaying or doing business in New Zealand, tap away on the Contact Us (https://borgward.nz/contact-us/) page.  You will be warmly welcomed by one of the members of Borgwards in our piece of paradise.  Watch out however for Hobbits!

Membership

We have a **members** section where various resources and information are available, allowing members to buy, sell and exchange vehicles and parts, provide advice, helping solve problems, accessing reputable suppliers of parts and services, establishing friendships and other Borgward related stuff.  **Membership is free and international members are warmly welcomed**.

We also warmly welcome **friends of Borgward** as affiliate members.  You don’t need to own a vehicle to be a member, just an appreciation of the marque, or some other association.  Our members may even be able to give an experience in one of our old-timers.

**Membership is via donation,** rather than annual subscription.  We think you are the best to know the value of the group and this website.  Hundreds of dollars and hours have been invested to provide you with the richest and most secure experience.

**Wat sou ek tog doen**!

Ek het dit onlangs weer besef. Dit het begin die aand voor ons uitstappie na Somerset-Wes _ sien berig elders in die uitgawe. Ek het die middag die coupè gewas, en toe vir Evert gesê ons moet ‘n entjie gaan ry om seker te maak alles voel en klink reg. Ons het toe ook sommer petrol gelaai en die bande nagegaan. Toe ons weer tuis kom toe gebeur dit. Toe ek my deur toemaak, val hy weer oop, en na nog ‘n paar probeerslae, besef ek daar is ‘n skroef los, hoewel hulle almal vas was! Ek kom toe agter die slot se tongetjie op die deur is lam. Wat nou gemaak! Sò kan ek nie ry nie, en ek wil nie “plastic gaan nie.”

Ek bel toe eers vir Louis, en hy sê hy kom kyk gou. Binne 5 minute is hy daar, en al gou maak hy ‘n diagnose – ‘n klein veertjie het gebreek. Hy sê ook dit sal jammer wees as ek nie met die Borgward kan ry nie. Daardie aand, na ete en na ek die skottelgoed gewas het, gaan sit ek in die Borgward met toue, bagasierekke en ‘n sterk lig. Na omtrent ‘n half uur het ek ‘n plan met 2 rekke uitgewerk om die deur toe te hou. Die rekke het baie styf oor my bene gedruk sodat ek amper nie die koppelaar kon trap nie. ‘n Kwartier later is die drukking met nog ‘n patent verlig, en siedaar, ons ry met die Borgward!

Die volgende dag weet almal op die uitstappie van die probleem. Pierre bied aan om ‘n week later te kyk wat die probleem is, en binne ‘n halfdag is die probleem opgelos. Dit was toe die veertjie van 5 cm. lang wat gebreek het. Pierre het dit met ‘n “nuwe” een vervang uit sy voorraadarsenaal. Dis toe dat ek besef wat sou ek tog sonder die klub gedoen het. Die klub is ‘n bron van kennis en onderdele, en van mense wat altyd bereid is en uit hulle pad uit sal gaan om te help. My probleem was eintlik maar klein, hoewel dit vir my ‘n groot probleem was. Ek weet van 2 ander lede wat aan mede lede se Borgwards werk wat groot probleme het. Ja-nee, dit is wat dit beteken om die ekstra myl te stap!

Kees Beekman

**Meelewing**

1. Evert Veenstra gaan sedert einde Julie deur ‘n baie moeilike tyd. Ons was by dokters, fisioterapie en x-strale vir ‘n ontsettende pyn in sy skouer. Toe dit nie help nie, is hy 2 keer deur die tonnel vir ‘n MRI – scan, waarvan die uitslag ‘n spierspasma in die nek is. Terselfdertyd het hy weer ‘n ingrypende velkankeroperasie op sy gesig en kop ondergaan. Die steke is intussen verwyder. Ons bid vir krag en herstel.
2. Met Robert en Mary Schepel gaan dit ook nie na wense nie. Robert ondervind baie las van sy heup wat vervang moet word. Mary is besig met toetse vir ‘n maagprobleem waarmee sy worstel.
3. Met onse Murray gaan dit al ‘n geruime tyd glad nie goed nie. Altwee sy knieë pyn geweldig en moet dringend vervang word. Hy loop met 2 krukke en probeer om so sy werk te doen. Hy bestuur op die oomblik ook nie sy kar nie omdat hy gevoel in sy voete verloor het.
4. Hector Horne beweeg die laaste tyd met behulp van ‘n kierie wat hom baie beperk. Dit gaan gepaard met baie pyn en ongemak. Gelukkig kan Ria hom nog goed bystaan.

Ons is bly dat Falko en Dolf se name van die lys verdwyn het omdat dit met hulle beter gaan. Ons dink aan al ons lede wat gebuk gaan onder beproewing met die gesondheid, en bid vir krag en beterskap.

Kees Beekman

Sopaand

Om die sopaand vanjaar te hou, is vooraf besluit dat ons ook die Klub se verjaardag sal vier. Die Vrydag voor die sopaand het Kees en Evert ons besoek. Ons het toe saam besluit om ons sit - en - eetkamer in 'n Borgward restaurant te omskep. Kees het 'n groot geraamde foto van sy Koepee saamgebring. Toe besluit hulle wèg met al my tapaseries, en in die plek daarvan word Borgward foto's en aandenkings gehang. Daarvan het Louis nogal heelwat wat hy so deur die jare versamel het. Ons het selfs 'n Borgward vlag oor



een van die gordyne gedrapeer. Kees het ook nog 'n foto van Borgwards gebring wat opgehang is. Kees wys toe vir ons dat hy plekmatjies laat maak het om op die tafels te sit. Hy het dit vanaf foto's van Borgwards uit tydskrifte of vanaf gewone foto's laat maak. Dit is regtig pragtig. Die wat te veel was het Louis sommer oral waar daar plek was neergesit. Saterdag oggend het ons dogter en haar man en 'n kleindogter kom help om die restaurant voor te berei. Ons sitkamer se meubels is in ons motorhuis gestoor. Ons lapa se tafels en stoele is ingedra sodat daar vir al die gaste sitplek kon wees. Kees se plekmatjies is redelik groot wat die dek van die tafels sommer baie maklik gemaak het. Daar was net genoeg plek vir 'n kers in die middel.

Ons sopaande in Julie is een van ons byeenkomste wat altyd baie goed bygewoon word. Hierdie jaar was geen uitsondering nie. As Liz McEwan nie kleinkinders moes oppas en Brenda Davies nie so baie verjaardag - en - troukoeke gehad het om na om te sien nie, sou ons 31 siele bymekaar gewees het. Voorwaar 'n baie goeie opkoms





Die nuwe lede  het ook nie op hulle laat wag nie. Kobus en Louise van der Westhuisen het al die pad van St Helenabaai gekom om saam sop te eet.  So ook Eddie Cornelissen wat onlangs aangesluit het. Nog 'n baie entoesiastiese lid, naamlik Ronnie Stain en sy vrou Liz het ook gekom. En nie sommer net gekom nie, nee hulle het sommer 'n pot tamatieroomsop en 'n allemintige tuisgebakte brood gebring. Ronnie was blykbaar Noord Kaap toe vir werk en het Loeriesfontein aangedoen.  Hy is 'n boorling van daardie gebied.  Hy het toe met twee soetsuurdeegbrode huistoe gekom en een sommer saamgebring sopaand toe.  Ek self het nie van die brood geeët nie, maar Mary dink dit was die beste brood van die aand.



Dit is regtig so maklik om die sopaand te reël.  Net gou het Maria de Jongh en Mary Schepel aangebied om 'n pot sop te bring.  Amanda Bruce het dadelik laat weet sy sal poeding bak en  daar sal genoeg wees vir almal.  Helena Tredoux is ook 'n getroue sopkoker en met die nuwe lid se pot sop was daar sommer vier potte sop.  Maria het 'n nuwe soort sop gebring naamlik soetpatat -  en  - sweetcorn sop.  Mary se groentesop was baie gewild en sy moes met 'n leë pot huistoe gaan.   Helena se ertjie – en - lensie sop het ook goeie aftrek gekry en daar was darem  vir Dolf nog 'n bietjie oor vir die Sondag.  Die ander twee potte sop het ook goeie aftrek gekry.  Deon en Lisbe van Zyl het al die kaas voorsien wat ook 'n groot bydrae was.  Falko en Elaine en






Doepie en Mariaan het smeer gebring terwyl Hennie Potgieter brood en  vla gebring het. John McEwan het roomys, brood en konfyt gebring.   Maria het self 'n mieliebroodjie gebak vir die geleentheid. Ek en Louis het brood en konfyt bygedra.   Kees en Evert het die plekmatjies laat maak en is vrygestel daarvan om enige kos bydrae te maak.   Ons nuwe lede was ook

vrygestel van enige bydrae. Piet Kotze het 'n vriendin saamgebring en na 'n lang afwesigheid was dit baie lekker om hom weer in ons midde te hê.

Met die aankoms is almal welkom geheet met 'n glasie sherrie of wit muskadel. Almal het eers lekker saam gekuier oor 'n glasie wyn of iets anders solank ons die sop opgewarm en die brode gesny het. Nadat almal hulle plekke by 'n tafel ingeneem het, het Louis almal welkom geheet. Veral die nuwe lede is ekstra welkom geheet. Daarna kon almal hulself in die kombuis gaan help met sop, brood met konfyt en kaas van hul keuse. Die kuier hou nie op nie en die gesels so tussen die eet deur het voortgeduur tot almal versadig was.



Vir die viering van die klub se verjaardag het Kees heelwat navorsing gedoen. Hy het stukkies vir ons voorgelees uit vorige nuusbriewe en tydskrifte. Dit het alles te doen gehad met die stigting en hoogtepunte van die klub, asook die voortbestaan van die klub. Hy het ook uit 'n nuusbrief voorgelees van 'n sopaand jare gelede wat in die Paarl aangebied is. Baie uniek. Dit is deur Amanda Bruce gereël en ons het van huis tot huis gery om by elke huis iets anders te ete te kry. Die mans moes hulle motor se sleutels in 'n hoed gooi en die dames het elkeen 'n sleutel getrek om te bepaal saam wie die dame ry tot by die volgende stop. Ek kan nog goed onthou dat ek saam met Piet Kotze op een rit gery het. Heel prettig en ook goed om ander beter te leer ken.

Toe was dit tyd vir die poeding. Amanda het vir ons Telefoonpoeding gebak. Twee allemintige panne vol. My ma het vir ons ook baie kere telefoonpoeding gebak. Ek wonder nog steeds waar die poeding sy naam gekry het. Baie lekker so saam met roomys en vla. Kobus en Louise het toe gegroet, want hulle moes nog terug St Helenabaai toe. Kobus is predikant daar en hy moes Sondagoggend nog gaan preek.





Nog 'n voorstel van Kees vir die aand se verrigtinge was dat elke lid sy model Borgward karretjies moes bring. Al die karretjies is op 'n kas uitgestal. Daar was nogal 'n goeie verskeidenheid van alle soorte modelle. Elkeen het toe 'n geleentheid gekry om te vertel hoe hy sy model gekry het. Ongelukkig kan ek nie almal se stories presies hier weergee nie.




Louis het onder andere so ‘n blou plastiek koepee daar gehad. Ons het een aand gaan uiteet by ‘n restaurant in Parow. Ons oudste seun was so 3 of 4 jaar oud. Terwyl ons vir ons kos gewag het, het die Kelner met ‘n groot boks vol karretjies by ons tafel aangekom. Hy sê toe vir Willem hy kan vir hom een karretjie uithaal. Hy steek sy handjie in die boks en kom met die blou koepee te voorskyn. Louis was meer opgewonde as Willem. Net daar soek hy die boks deur vir nog Borgward karretjies, maar daar was net die een in die boks.

Ons het toe koffie of tee gedrink om ‘n baie lekker aand af te sluit. Alhoewel dit koud was, was die byeenkoms sò gesellig dat niemand aan koue gedink het nie.

Lisbe en Mary het ook sommer die kombuis begin opruim. Alle sopbakkies, poedingbakkies, broodbordjies, messe en lepels was soort by soort bymekaargepak. Dit het my taak sò vergemaklik om alles gou in die skottelgoedwasser te pak. Almal kon wat oorgebly het van wat hul gebring het weer huistoe neem. Pierre het seker gemaak dat hy die orige soetsuurdeegbrood vir hom toeëien met toestemming van die oorspronklike eienaar.

Die Sondag het Willem en sy gesin kom kuier. Net betyds om weer die lapa se meubels uit te dra en ons sitkamer se meubels terug uit die motorhuis in die huis in te bring. Al my tapaseries is weer op hul plek opgehang en sommer gou was alles weer op hul plek.

Ons het ook vanjaar ‘n eerste gehad in die sin dat Dolf Tredoux se kleinseun hulle van die Paarl af gebring het. Hulle is geterg dat hulle met ‘n Uber gekom het en dat die Uber hulle weer sal kom haal. Ons raak egter almal ouer en dit is wonderlik om kleinseuns te hê wat die bestuurwerk kan doen. Nooi hom volgende keer om saam te eet! Daar is altyd genoeg vir almal plus nog meer by so ‘n sopaand.

Intussen het ons jongste seun Danie aangebied dat ons volgende jaar die sopaand by sy huis kan aanbied. By hom is in alle opsigte net meer spasie vir so ‘n geleentheid.

Dankie aan almal wat gekom het. Dankie ook aan elkeen wat ‘n bydrae gemaak het. Volgende jaar maak ons weer so.

Groete

Rina

## DIE WIT COUPÉ BESOEK ORANIA WEER, NA 15 JAAR

Gedurende die George Motorskou vanjaar noem Pieter Botha, voorsitter van die Noordstreek, dat hul DKW klub ‘n toer na Orania beplan. Hy nooi belangstellendes van die Borgwardklub om saam te toer aan die begin van Mei. Die toerplan is as volg:

2-4 Mei GARIEPDAM
4 Mei 0ornag in BETHULIE 5-
8 Mei ORANIA
8 Mei Oornag in MOKALA WILDRESERVAAT.

Ons oordink die saak en besluit om mee te doen. Soos jul weet, die Bruce’e hou van toer. Japie Van Rooyen snr. en jnr., Willie van Zyl en Willie se ouers besluit om ook saam te gaan. Louis het aanvanklik ook belanggestel, maar weens ander verpligtinge kon hy dit nie meemaak nie. Ander Borgwardlede wat ingeskryf het, was Evert Schlunz en Lood Cremer van die Noorde. Hulle moes op die einde onttrek, ook weens ander verpligtinge. Aanvanklik sou daar ses Borgwards op die toer wees, maar ons eindig met drie. Paul van Wyk van die Noordstreek het ook meegedoen, maar in sy Mercedes.

Aangesien ons al in die verlede so baie by Gariep was, besluit ons en die manne van die Suid-Kaap om die groep te ontmoet by VANDERKLOOFDAM, oppad na ORANIA.

So begin ons reis op Saterdag 3 Mei vanaf Sandbaai met die wit Coupé. Ons oornag op Ladismith by familie en spreek af om die Suidkaap lede Sondag 9vm op De Rust te ontmoet. Toe hulle opdaag is daar net een Borgward. Japie snr. was die oggend ongesteld en het besluit om nie die lang pad aan te durf nie. Ons geniet lekker koffie en vertrek met die 2 Coupé’s en Willie se ouers met hul 1980 Mercedes.



Tussen Beaufort Wes en Drie Susters is dit tyd om die padkos uit te haal. Willie se ma het goed voorsiening gemaak, en soos van ouds geniet ons frikkadelle, eiers en jaffles langs die N1.

Ons oornag in Victoria Wes by die Pophuise in Pampoentjie en Kalbassie, die huisies se name. Daar word lekker gekuier om ‘n braaivleisvuur en ons braai wors en sosaties.

Maandagoggend vertrek ons na Orania via Vanderkloofdam, waar ons vir Pieter met sy Borgward Sedan en die DKW groep vir middagete ontmoet by die Monte Crous Hotel met 'n pragtige uitsig oor die dam.



*Uitsig oor VanderKloofdam - Monte Crous Hotel*

Na ete vertrek ons en ry oor die Havengabrug aan die onderkant van die damwal en watter skouspel was dit nie om daardie massa water te kon aanskou nie. Ons ry terug oor die damwal na die hoofpad.



*Op die damwal by Vanderkloof*

Laatmiddag arriveer ons in Orania en ontvang ons chalet sleutel. Ons deel met Ettienne en Dorothy Cilliers van Gauteng. Die Coupé voel heel tuis, daar sy eerste besoek aan Orania in Augustus 2010 was, toe ons teruggekeer het van Cars in the Park in Pretoria.

Dinsdagoggend word ons in twee groepe verdeel om op 'n dorpstoer te gaan. Ons word met'n bussie en'n gids deur die strate van Orania geneem en ons is verstom met die ontwikkeling van die dorp.



*Pieter Botha - almal het hempies gekry vir die toer*

Die munisipaliteit is ten volle onafhanklik van Eskom. Daar is menige besighede, strate word geteer, huise gebou, ‘n Akedemia kollege met 300 studente wat uitgebrei gaan word vir 3000 studente, asook mediese fasiliteite en so kan ons aangaan, te veel om op te noem. Aanvanklik was 400 hektaar grond aangekoop om die dorp te begin, dit is huidiglik 15000 hektaar wat plase insluit. Alle werk word deur die plaaslike gemeenskap gedoen en daar is geen werkloosheid nie.

Ons toer sluit af by Mev. Betsie Verwoerd se huis. Hier kom ons onder die indruk van ‘n waardige vrou wat ten spyte van haar bekendheid, in eenvoud geleef het.



Na die toer geniet ons wafels en koffie by die Wafelhuis.

Die namiddag ry ons met ons motors deur die dorp onder leiding van Pieter Botha wat op‘n stadium onderwys gegee het daar. Die koeksister monument en die koppie waar daar borsbeelde van vorige staatshoofde is word besoek, vanaf Paul Kruger 1883-1902 tot John Vorster 1966-1978.



Ons braai die aand op die oewer van die

Oranjerivier



*Heerlike vetkoek middagete by Aan de Oewer*

Woensdagoggend besoek ons die Doornbult Efenisterrein. Tydens die Anglo Boereoorlog was hier 'n konsentrasiekamp wat in drie dele verdeel was nl. Vroue en Kinders, Joiners en Kakies. Daar is ook 'n begrafplaas wat behoue gebly het. Daar is geen name op die grafte, net nommers en volgens die lys van nommers, was daar tot drie persone in een graf begrawe.

Die eienares van die plaas is Rina Wiid. Sy is 82 jaar oud en het aan ons die hele geskiedenis vertel – sonder 'n papier voor haar. Sy het ook 'n stoor ingerig as museum met baie artikels wat op die terrein gevind is.

As 'n mens so 'n terrein besoek het, is daar 'n beter begrip waarom sommiges na 120 jaar nog steeds 'n wrewel teen Engeland het, vernaamlik diegene wie se voorouers daardie oorlog beleef het.



Die groep by Doornbult Erfenisterrein






*Oppad na Mokala*

Donderdagoggend verlaat die Suidkaap lede die groep en ons vertrek na Mokala Wildreservaat tussen Hopetown en Kimberley. Hier troef ons die Borgward op die grondpad. As gevolg van die baie reën is die pad op plekke baie sleg. Een van die DKW's het besluit om om te draai, die res van ons het vasgebyt.

Ons bly in chalets by die Lillydale kamp op die oewer van die Rietrivier. Laatmiddag eet ons in die



Boma en kuier die aand om 'n lekker vuur. Daar ontdek ons dat André van Staden, een van die DKW lede, die bekfluitjie lekker kan bespeel, en party van ons sing lustig saam. Sy pa het in 'n boereorkes gespeel en hy was van jongs af blootgestel aan musiek en instrumente.

Op pad terug na die chalet dwing die Coupé al eenkant toe, en ja-nee die voor regterwiel is pap. Vrydagoggend vroeg word die band omgeruil. Ons besluit om vooruit te ry na Hopetown ingeval van meer teenspoed en Pieter met sy Sedan is dan agter.

By die vulstasie naaste aan Hopetown kon ons nie die band laat regmaak nie, en ons besluit om aan te ry na Kimberley waar die res van die groep sou wees.

Pieter het voor die toer kontak gemaak met Dina Posthumus op Kimberley. Sy het haar pa ,Hannes, se sedan ge-erf. Ons sluit weer by die groep aan en ontmoet vir Dina en haar ma asook ander ou kar manne van Kimberley. Dina is 'n borrelende persoon en sy diens self haar Borgward soos haar pa haar geleer het. Haar pa ,Hannes, was 'n lid van die Noordstreek en nou is Dina ook 'n lid.

Na middagete verlaat ons die groep en vertrek vanaf Kimberley na Douglas. Ek het in 1972 vir 'n parsseisoen by die Douglas Kelder gewerk en nog nooit weer teruggekeer nie. Die kelder was deel van die Uniewyn groep wat aan Jan Pickard behoort het. Ons oornag in Douglas. By Douglas kom die Vaal en Oranjeriviere bymekaar. In 1972 was die Verwoerddam (nou Gariep) ge-open terwyl ek op Douglas gewerk het en het ek daarvandaan gery om die opening by te woon.
Die dam het toe ook oorgeloop.

Saterdagoggend vertrek ons en ry oor Vosburg na Carnarvon, waar ons oornag by die Lord Carnarvon Hotel. Die eienaar is Pieter Hoffman wie ook 'n Vreetsamer is. Ons het die volgende oggend voor ontbyt vertrek maar die hotel het vir ons heerlike padkos



*Lord Carnarvon Hotel, Carnarvon*

ingepak. So ry ons op die bekende roete deur Williston, Calvinia met 'n koffie stop by Bagdad Café onderkant vanRhynspas tot op Klawer waar ons daardie heerlike padkos geniet. By die vulstasie is daar ook 'n groep motorfietsryers wat oppad was na Namibië. Een van die manne begin gesels en noem dat sy broer ook ou motors het. Dit is toe niemand anders as Pieter Botha se broer nie. Soos altyd besef ek weer hoe klein die wêreld is.

Ons oornag by die kinders in die Paarl en keer die Maandagoggend huiswaarts. Weereens ‘n interessante heerlike kort toertjie.

Dankie aan my getroue Borgward wat my altyd weer by die huis bring.

Johan Bruce.




*Motors uitgestal by Aan de Oewer Orania*




*Pieter se Borgward lei die groep die Wildreservaat binne.*

**MET 'N BORGWARD IS DAAR ALTYD 'N STORIE**

Gedurende Junie is dit hier op Hermanus tyd vir die Fine Arts uitstallings. Daar is oral in die dorp kunsuitstallings asook fotografiese uitstallings, en verskeie kunstenaars maak beelde wat by Gearings Point uitgestal word.

Op Donderdag 12 Junie besluit ons om gou na die beelde te gaan kyk. Dit is 'n pragtige windstil dag en ons besluit om die Coupé uit te trek.

Ons stap tydsaam deur die uitstallings en met ons terugkeer by die motor kom iemand nader om te gesels. Hy vertel dat hy in Duitsland gebly het, en baie graag 'n Borgward wou koop, maar toe hy uiteindelik so vér kom om te koop, was die maatskappy "bankrot".

Intussen, terwyl ek in die motor sit, kom nog 'n paartjie nader gestap en vra of hul 'n foto mag neem. Ek klim uit om 'n paar woorde te wissel. Hulle is toeriste

van Duitsland en woon naby Stuttgard. Toe noem die vrou dat haar oupa aan moederskant verwant was aan die Borgwards. Al wat sy kan onthou van die motors, was dat dit haar ouma se begeerte was dat hul eendag 'n Borgward kon besit.

En so, soos die opskrif sê – Met 'n Borgward is daar altyd 'n storie.

Amanda Bruce.



## BORGWARD COMBI AS MAATSKAPPY VOERTUIG

Ek lees in die Mei 2025 uitgawe van die Borgward Nuus die berig “Borgward Isabella – begin van ‘n legende” en dit neem my terug na ‘n beriggie wat ek in ‘n nuusboekie geplaas het.

Nodeloos om te sê dat ek glad nie kon onthou in watter Borgward Nuus ek dit geplaas het nie. Toe begin die groot soektog, en net toe ek wil tou opgooi, vind ek dit in die nuusblad van Maart 2009.

So lees die beriggie van 2009:

In ‘n berig van die Borgward Nuus Junie 1989, skryf Mev Margo Malan [vrou van Gen. Magnus Malan] dat sy die eerste stasiewa – 1956 model – in Suid Afrika gehad het. Sy het die motor tot 1962 gehad en 100,000 myl daarmee afgelê. Sy was ‘n skakelbeampte vir Braganza tee en Frisco koffie.

Dit sou nogal interessant wees om te weet of daardie Combi dalk sy weg gevind het na een van ons lede.

Amanda Bruce



### Om oor na te dink (15)

1. Voor jy gaan praat, dink goed of dit ‘n verbetering van die stilte is.
2. Leef die lewe breed, want die lengte is onbekend.
3. Verantwoordelikheid is sóveel meer as ‘n verpligting.
4. Ek werk sò hard aan myself dat ek nie meer myself is nie.
5. Wie dink dat kennis duur is, weet nie wat domheid kos nie.
6. ‘n Huis is nooit geselliger as sy bewoners nie.
7. Jy moet nooit, maar dan ook nooit, vrede hê met geweld nie.
8. Bly weg van negatiewe mense, hulle het ‘n probleem vir elke oplossing!
9. Niks is so tydelik soos ‘n “perm”. (Afkorting van permanent)
10. ‘n Sug sê dikwels meer as ‘n hele sin.

Kees Beekman

**Bestuurspan:**

Voorsitter: Louis van Jaarsveld   0836878486

Ondervoorsitter: Danie Tredoux  0829909650

Sekretaris: John McEwan 0828820599

Tesourier: Willem van Jaarsveld  0828702312

Multiklub en Onderdele:  Pierre de Jongh 0727578351

Suidkaap: Japie van Rooyen 0823723642

**Nuusbrief Redaksie:**

**Kees Beekman (082 579 0527)** – beekman@cosmoprop.co.za

**John McEwan (082 882 0599)** – jnmcewan@gmail.com

**Louis v Jaarsveld (083 687 8486)** –Lvjaarsveld@mweb.co.za